

Sondag 30 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 22:13-21 (1933/53-vertaling)	Fokusgedeelte: Openbaring 22:20; Heidelbergse Kategismus 52:129
---	--

Die laaste en eerste woord!

Amen is die laaste woord van die “Onse Vader”-gebed. Dit is ook die laaste woord waarmee jy ál jou gebede afsluit. Die woord *Amen* is nie net ’n afsluitingswoord nie. Eintlik bepaal dié woord of jou gebed ’n ware gebed is. Alles wat jy van ons hemelse Vader vra, word in hierdie woord saamgevat. Daarom is die woord *Amen* ’n belydenis van jou geloof. Die woord druk jou vaste vertroue in jou hemelse Vader uit. Daarmee sê jy: Vader, ek wéét dat U vir my álles kán en sál gee wat volgens u wil is.

Daarom is *Amen* ook die laaste woord in die Bybel! Dié woord beteken: dit staan vas. Dit is waar en seker. In die woord *Amen* word die inhoud van die hele Bybel saamgevat. God, ons Vader deur Jesus Christus, kán en sál alles doen wat Hy in die hele Bybel gesê het. Hy is ten volle in beheer! Hy laat alles gebeur soos Hy gesê het. Wanneer ons ons gebed só afsluit, bely ons daarmee: Vader, alles wat ons van U in ons gebed gevra het, staan vas. Dit is vas en seker dat U ons gebed verhoor. Vas en seker dat U vir ons alles kan en wil gee wat U beloof het. Vas en seker dat ons saam met Christus deel het aan sy volledige oorwinning oor ons doodsvyande.

Vader, dit is vas en seker dat *u Naam geheilig word.*

Vas en seker dat *u koninkryk kom.*

Vas en seker dat *u wil geskied.*

Vas en seker dat U aan ons *vandag ons daaglikse brood gee.*

Vas en seker dat U ons *van die Bose verlos.*

Vas en seker dat *die koninkryk aan U behoort –*

ook *die krag en die heerlijkheid.* Dit behoort alles aan U *tot in ewigheid.*

Amen! Mag dit jou laaste woord vir hierdie jaar wees en ook jou eerste woord vir volgende jaar!

Sing: *Skrifberyming 10-2*

Ds. AP (Abraham) Krüger (Wolmaransstad)